# *DIE KERK WAT WET KIES BO GENADE*

En weer, partymaal sonder die salwing op die mense, ontvang hulle dit nie. So bly, vanaand, om hier te wees in gemeenskap met al julle gelowiges, en ons dierbare broer pastoor hier, Broer Sullivan, kosbare broer, ons wat vandag saam gebid, en gepraat het.

2 Baie het heeldag ingeskakel, vir, verskillende predikers, verskillende plekke, wat wil hê, hier weggaan na 'n ander diens, of iewers, maar ek het nie gestop van Kersfees af nie, en ek raak vreeslik moeg. Almal weet ek het omtrent ses of sewe dae om te rus, so ek moet dit net hê, ek's net omtrent gedaan.

3 En, julle weet, ons het pas uit 'n diens gekom waar daar partymaal soveel as dertig visioene in 'n aand, niemand sal ooit weet wat dit beteken nie, dis, dit sal 'n geheim wees wat graf toe sal gaan saam met my, en God. Hulle kon net. . . Jy. . . Geen manier om dit te verduidelik nie. Jy net, daar's net, jy kan dit net nie doen nie. En niemand weet. . . As. . . Dink net hieraan: een visioen van ons Here Jesus en Hy het gesê: "Ek voel dat Ek swak geword het." 'n Vrou het Hom aangeraak. Nou, wat van 'n sondaar dan, wat gered is uit genade? Die enigste ding wat dit doen: "Meer as hierdie sal julle doen," dis 'n belofte: "want Ek gaan na die Vader."

4 En daar's my skoondogter, toe sy by die dienste was hierdie laaste, lang agt weke lange reis, toe sy huis toe gekom het, het sy bed toe gegaan vir drie of vier dae net om te rus, gesê sy was amper dood. Wel, die kêrels, almal van hulle is net omtrent uitgeput. Ek het huis toe gekom, en het nie meer as die helfte van my tasse uitgepak nie, tot ek hier aangegaan, aangegaan, aangegaan, aangegaan, heeldag aangegaan het, heelnag, en aangegaan, aangegaan, aangegaan, heeldag en nag, en net aangehou soos daardie, aan, en aan, en aan.

5 En ek het gesê: "Wel, nou dink julle dis rof net om rond te gaan, net om in die dienste te staan, en af te kom, te gaan sit by die diens, dit te geniet, huis toe gaan, bed toe gaan, die helfte van die volgende dag te slaap as jy wil, op te staan, en te gaan na die volgende diens, dan word jy moeg, neem net die verantwoordelikheid van een van daardie dienste op jou skouers, en weet dat jy verantwoordelik is daarvoor, sien, te antwoord op alles, dan te preek," wanneer twintig minute van invloedryke prediking vergelyk word met agt ure van harde werk, so sê die

wetenskap, vir jou liggaam; partymaal preek ek 'n uur en 'n half, twee uur.

6 Behalwe dit, wat een visioen jou sal uitput wat meer as drie dae van prediking sou doen. Sien? En dan dertig daarvan 'n aand hê. Sien? Sien, daar's geen manier nie, dis net, dis 'n wonderwerk, 'n besondere wonderwerk op sigself, dat God my laat lewe, en Hy doen dit vir julle—om julle onthalwe.

7 Hoeveel het al ooit gehoor van Raymond Richey, Broer Raymond Richey? Nee. Los Angeles nou die aand, het hy neergekniel langs my, en gebid. Julle weet Richey, Broer Richey is in. . . [Leë kol op band—Red.] Het julle dit geweet? [Leë kol op band.] . . . baie erg, hom in beroertes gegooi. Hy het gedink hy kon net soveel doen soos die volgende een, so hy het vertrek, en het na die sendingvelde toe gegaan, en teruggekom, en 'n herlewing gedoen, en hy's gedaan, en hom 'n beroerte gegee, senuweeagtig, en hy's, o, hy's 'n vreeslike toetstand; en so 'n goeie, broertjie.

8 Hy het ingekom, sodra hy my gesien het, het hy probeer praat, en hy het neergekniel, en ek het probeer uitmaak wat hy sê, hy het gesê: "Broer Branham, moenie so aangaan nie." Gesê: "Moenie net aangaan nie, jy sal soos ek wees een van hierdie dae, moet dit nie doen nie. Net. . . " Maar ek reken miskien verbrand ons ywer ons wysheid, so ons hou in elk geval net aan, vertrou die Here dat dit—dat dit in orde sal wees.

9 So bly om party van my vriende hierbinne te sien, vanaand. Ons, my privaat sekretaris, Broer Maguire en sy vrou. . . [Leë kol op band—Red.]. . . van Kanada, Saskatchewan, en ek is bly om hulle hier te hê. En my twee broers hier, van onder in Kentucky, ek kan nooit aan hulle name dink nie. Hulle is. . . [Leë kol op band.] Ek glo julle is eintlik van Arkansas, is julle nie, broers? En kom na die dienste toe. En ek sien my Broer Dauch, of *Dauch*, Dauch wat hierbuite sit van, hy's van hier in Ohio, en sy lieflike vrou agter hom, daar. Ek is so bly om julle almal in te sien, vanaand, en die verskillendes langs die pad. [Leë kol op band.] Ek herken, Broer Charlie, en Rodney, en Rogers, Broer Sothmann. En ek onder-. . . [Leë kol op band.]. . . vanaand, party, het Billy my vanmiddag vertel. So bly dat hy hier is van ver onder in daardie sonnige Georgia. Party van hulle het gesê: "Hoe gaan dit met jou?"

10 Gesê: "Bevrore." Maar ons is. . . Waar is jy, Broer Welch? Ek kan jou nie herken nie, net 'n bietjie. . . Wel, wat hier reg onder my gesig sit, en Suster Evans. Ja, kyk hier, 'n groep van Georgia daar. Dis goed, bly om julle almal hier te hê.

11 Nou, die Here seën net vir Broer Sullivan om ons hierheen te genooi. Hy neem die borgskap op homself, onder God, om. . . Ek dink, julle mense, soos ek verstaan, gaan Broer Sullivan julle binnekort verlaat, weggaan. En julle gaan 'n groot man mis. Vir

’n man wat homself daar sal uitgee voor die publiek om so-iets soos hierdie te borg, sien, dit wys dat hy julle liefhet, hy probeer iets vir die mense doen, of hy sou dit nie doen nie. Dis reg. ’n Regte egte dienskneg van God, regtig getrou. Ek waardeer Broer Sullivan met my hele hart.

12 ’n Man wat ooit enigiets beteken, is ’n man wat alleen staan, hy en God alleen, dis die man.

> Daar’s, op die Jerigoweg is daar plek vir net twee
> Niks meer of niks minder as net Jesus en jy nie.
> (Dis al.)

13 En so is dit hoe ons hierdie smal weg moet bewandel, elke mens wat ooit enigiets vir God gedoen het, het dieselfde weg bewandel. Dis reg. Gekritiseer, verlaat, verstoot, deur alle eeue, alle tye, moes hulle dieselfde ding ly. So, ons is net soos hulle is, dieselfde ding, ons moet dit alleen verduur. Maar nooit alleen nie, Hy’s altyd daar.

14 Ons waardeer die—die mense wat oor hierdie wapenkamer hier is, wat ons ook hierdie wapenkamer laat kry het. As hulle iewers is waar hulle my stem kan hoor, ek waardeer beslis hierdie goedheid van julle manne, die Here seën julle altyd. Dis, nou, dis die Verenigde State Weermag, en ons bid wel dat God hulle ryklik sal seën, en hulle sal help.

15 En ek sê julle ons is op ’n verdedigingsprogram, ons weet dit, saam met die ander nasies, ensovoorts, en probeer hulle klop in ’n missielwedloop. My broers, daar’s een wedloop wat ons moet hardloop, dis die wedloop van die wiegie na die graf, met ons gesig op Gólgota, dis die wedloop, daar is ons verdediging, is in Gólgota.

16 Gee my elke soldaat in die Verenigde State wat aan God toegewy is, wat op sy aangesig bid, en jy kan al die missiele opblaas, en haar laat gaan. Dis reg. Ons sal so veilig beskerm wees dat elke nasie onder die Hemel bang sal wees vir ons, soos dit was in die dae van Salomo. Ek dink ek het daaroor gepreek die laaste keer hierbo, *Die Koningin Van Die Suide*, hoedat Israel geen probleme gehad het in daardie dae met enige ander nasies nie, hulle was almal bang vir hulle, hulle het die Here vertrou.

17 Ek glo nie julle hoor my te goed nie, is daar ’n eggo daarop? Kan julle dit goed hoor daarbuite, ver agter? Ek het gedink dit het geklink soos ’n eggo. Laat ons kyk of ek dit kan verander. Is dit beter? Kan julle dit beter hoor, daar ver agter? Niemand beweeg nie. Kan julle dit beter hoor hier? Ek dink ek het my preekstoel gebreek. Hoe’s dit? Dit beter? Goed, ons sal dit daar probeer los.

18 Nou, ons wil vinnig by die Woord kom. Ek het julle gisteraand laat daar by Broer Sullivan se kerk gehou, maar ons. . .Ek het veral geniet wat die Here ons gegee het oor die

klanke, *Die Onseker Klanke*. En ons het 'n klomp onseker klanke van hierdie dag probeer beskryf.

19 En toe, nadat ons klaar was met al die onseker klanke, toe het ons 'n klank oorgebring wat seker was (Dankie, Broer Gene, miskien sal dit ons net 'n bietjie help—help. Goed.), oor die sekere klanke van die dag. En ons het uitgevind dat daar een klank was wat seker was, dit was die Evangelieklank. En hoe die Evangelie gekom het, nie in Woord alleen nie, maar deur die krag en die manifestasie van die Heilige Gees. Daardie Klank wat gekom het op die Dag van Pinkster soos 'n magtige rukwind, dit was sekerheid dat Lewe gekom het, want dit was geestelike Lewe.

20 Kan julle my beter hoor as ek terugtree? Dit agtertoe skuif? Goed. Ek sal probeer om 'n paar van Paul Rader se idees te neem. Hoeveel het Paul ooit gesien? Ek het vir Paul gelag, hy het altyd ver agter gestaan, soos *hierdie*, altyd sy broek opgetrek, dan sou hy sy punt kry, en reguit na die platvorm toe hardloop so hard as wat hy kon en albei hande opgooi. En so, sou hy ver terugtree van sy mikrofoon af.

21 Ja, ek het toevallig Broer en Suster Collins hier agter in die gehoor sien sit. Iemand wat nie glo dat God Metodiste predikers die doop van die Heilige Gees gee nie, daar sit een wat Hy die doop van die Heilige Gees gegee het, 'n Metodiste prediker, Kentucky Metodiste prediker wat die Heilige Gees ontvang het, en God se nederige dienskneg nou. So ons is bly dat die Heilige Gees vir enigiemand is wat Dit wil hê. Enigiemand wat gewillig is om op God se voorwaardes te kom, kan die Heilige Gees ontvang. Ja, dis vir Metodiste, Baptiste, Presbiteriaan, Lutheraan, Katoliek, Jood, Protestant, geel, swart, wit, bruin, en tussen-in, almal van ons saam, die Heilige Gees is vir almal.

22 Nou, ek wil graag buig, as julle julle hoofde sal buig, net 'n paar oomblikke, terwyl ons bid. En voor gebed, met julle hoofde gebuig, as jy 'n spesiale versoek het, sal jy dit bekend maak soos jy jou hande oplig na God? Hou net jou versoek in jou hart. God seën julle. Mag God elkeen van julle julle versoek gee.

23 Ons Hemelse Vader, ons nader U troon van genade, nie U troon van geregtigheid nie, Here, ons kan dit nie verduur nie, ons vra nie vir geregtigheid nie, ons sal verlore wees, maar ons vra vir genade. En ons kom omdat U ons beveel het om te kom, en ons het die belofte dat ons sal ontvang waarvoor ons vra as ons met vrymoedigheid sal kom, sonder twyfel, en dit vra in die Naam van die Here Jesus, want daar staan geskrywe: "Wat julle ook al doen in woord of in daad, doen dit alles in die Naam van Jesus." Hy het Self gesê, terwyl hy op aarde was: "As julle die Vader enigiets in My Naam vra, sal Ek dit doen."

24 En ons is seker dat ons kry waarvoor ons vra, want ons kom in geloof en glo met alles wat in ons harte is om mee te glo, en ons vra dit, in Jesus' Naam, vir genade, en barmhartigheid, en moed

om ons te omring, vanaand, en ons 'n groot deel van U Gees in ons harte te gee soos ons Dit nodig het.

25 Gee geloof aan hulle wat hulle hande opgesteek het, en ek is een van hulle, vir die versoek wat in ons harte was, dat ons met ons hele harte sal glo dat U ons versoek sal toestaan. Want ons vertrou die diens en onsself toe aan U om met ons te maak soos U goeddink, soos ons die Woord nader om Dit te preek, laat die Heilige Gees kom en die woorde salf, en hulle plant in die hart van ons almal. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

26 Nou, julle wat neerskryf, gewoonlik, Skrifte, ek sal julle vra, vanaand, om te blaai na die Boek van Deuteronómium en die 2de hoofstuk en die 3de vers vir die teks:

> *Julle was* al *lank genoeg op hierdie berg: draai julle noordwaarts.*

27 Ek hou daarvan om uit die Ou Testament te leer, want die Ou Testament is 'n tipe van die Nuwe. En soos ons hierdie ernstige, heilige teks benader, vanaand, want Sy hele Woord is ernstig en heilig, wil ek graag 'n vergelyking maak van die Ou en Nuwe Testament van die ou dae, en dae wat nou is.

28 Min het Israel geglo, as iemand hulle sou vertel het, dat hulle veertig jaar van die beloofde land af was toe hulle gesing, geskree, en gedans het in die Gees aan die ander kant van die Skelfsee. Hulle sou dit nooit geglo het as iemand sou gesê het: "Julle het nou opgekom uit die verdrukking, en die vervolging, God het julle verlos, en oorgegaan . . . " En hulle was net 'n paar dae se reis weg, maar, tog, het hulle ongeloof hulle in die woestyn gehou vir veertig lang jare. En ons vaders het by daardie selfde plek gekom omtrent veertig jaar gelede, of 'n bietjie meer, dit was dieselfde toestand.

29 Israel het 'n groot herlewing gehad, en hulle was op hulle pad na 'n—'n—'n land van belofte, waarnatoe God gesweer het Hy hulle sou neem, vir die vader Abraham. En hulle het oorgegaan na hierdie beloofde land met God se beloftes, seëninge op hulle, en die uur van verlossing was op hande, en God het alles gedoen wat Hy belowe het om te doen, en was op hulle pad na daardie land.

30 Dit was maar net 'n paar myl weg, meet dit op die kaart, ek glo regtig dat ek dit in minder as vyf dae kan loop, self, net wegspring en dit binne vyf dae loop, van die Skelfsee tot waar hulle die Jordaan oorgesteek het om in Palestina in te gaan. Net 'n klein reisie, en tog, as gevolg van hulle ongeloof, het dit hulle veertig jaar in die woestyn gehou.

31 Nou, dis 'n ernstige ding, ons behoort 'n rukkie daaraan te dink. Min het hulle geglo dat daar was 'n . . . die waters van Mara voor hulle gelê het, of die woestyn van Sin, of die Berg Sinai, of die Kades-Barnéa, waar hulle God heeltemal gefaal het, toe daar van Kades af net elf dae oor was na die oorgang. Hulle kon

dit nie glo nie, want hulle het alreeds soveel groot dinge gedoen gesien, hulle was seker dat hulle in die wil van God was, net soos ons vaders ’n paar jaar gelede was. En hulle was, maar dis waar hulle hulle groot, fatale fout gemaak het.

32 Hulle, die grootste fout wat Israel ooit gemaak het, was toe dit genade verwerp het en die wet aanvaar het. Dit het sy grootste fout gemaak in Eksodus 19, was een van die fatale foute wat Israel gemaak het. Die verbond wat God met Abraham gemaak het, was geheel en al genade. Maar genade het vir hulle ’n verlosser voorsien, ’n profeet, ’n offerlam, dit het die grootste herlewing voorsien wat hulle ooit gehad het, en tog, was hulle nie tevrede daarmee nie, hulle wou iets hê waaroor hulle kon stry, hulle wou ’n plek hê waar hulle iets daarmee te doen kon hê.

33 En dis hoe dit vandag is. Dis hoe dit veertig jaar gelede was met ons vaders, ons Pinkstervaders, genade het hulle ’n herlewing gegee, en het hulle uit die wêreld gebring, en uit die chaos waarin hulle was, in hulle formele denominasies, en organisasies, ensovoorts, en hulle gebring by die grootste herlewing wat hulle ooit gehad het, het die Heilige Gees op hulle uitgestort, hulle gevul met die Gees, hulle het gesing, gedans in die Gees, het ’n wonderlike tyd gehad, en min het hulle geweet dat hulle al hierdie jare weg was van die volle belofte.

34 Maar soos dit was met Israel natuurlik, so is dit met Israel geestelik. Ons is Israeliete omdat ons die Saad van Abraham is, *daardie* Israeliet is nie dié wat van die vlees is nie, maar dié wat uit die Gees is. “Ons wat dood is in Christus, neem Abraham se Saad aan, en is erfgename saam met Abraham volgens die belofte.” So ons is. . .En Abraham was nie ’n Jood nie, Abraham was ’n Heiden uit die land van—van die Chaldeërs, en die stad Ur, hy was absoluut ’n Heiden.

35 Nou, let op, maar hulle was so ver *weg* omdat hulle geweier het om te aanvaar wat God vir hulle voorsien het, en hulle wou iets daarby voeg. Dis waar ons altyd ons foute maak, is wanneer ons iets probeer voeg by wat God gedoen het, en wat God gesê het, los dit net uit. Hulle het al vir tweeduisend jaar probeer om een woord by die Onse Vader te voeg om dit beter te maak, of een Woord weg te neem om dit beter te maak, en jy kan dit nie doen nie, want wanneer Hy Dit spreek, is dit volmaak, en as jy nog enigiets by volmaaktheid kan byvoeg, is jy buite orde. God enigiets doen, is dit volmaak.

36 En wanneer ons probeer dink dat Hy ons hulp nodig het, Hy het nie ons hulp nodig nie, Hy’s God. Jy sê: “Wel, Hy moet mense gebruik om die Woord te preek.” Net soos Johannes gesê het: “God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te rig.” Hy het ons nie nodig nie. Hy’s Skepper, Hy kan doen wat Hy ook al wil, want Hy’s God.

37 Nou, ons vind uit dat, al hierdie dinge, daar was 'n Pasgalam vir hulle voorsien, God het vir hulle manna uit die Hemel voorsien vir hulle reis, Hy het vir hulle 'n Rots voorsien om uit te drink wanneer hulle dors was, 'n koperslang om hulle te genees wanneer hulle siek was, en tog, met dit alles, moes hulle 'n wet hê. Hulle wou 'n—'n teologiese ondervinding hê, sodat hulle iets kon hê om oor te stry, en te organiseer, en hulleself te verdeel.

38 Dis net dieselfde soort ding wat met ons Pinkstervaders gebeur het meer as veertig jaar gelede toe God 'n man uitgeroep het in Kalifornië, 'n neger, een skeel oog, hom die ondervinding van die doop van die Heilige Gees gegee het, van daar af het Azusastraat gevorm, die ou Azusastraat Sending, van daar af is dit versprei totdat dit oor die hele volk getrek het, van nasie tot nasie tot nasie gegaan het, totdat Pinksterherlewing oral gebrand het. Wat 'n seën het God deur genade voorsien!

39 Baie van hulle kon nie hulle eie naam skryf nie, party van hulle het kerk toe gekom in vodde. Hulle het uitgestap op die spoor en handevol mielies opgetel en dit buite op die spoor uitgeslaan, moedertjies, om hulle kinders te voed sodat hulle man die Evangelie kon verkondig. Hulle het rondgedwaal, hulle is uitgelag, bespot, en holy-rollers genoem, heelnag in die tronk deurgebring. Dag na dag, party van hulle, hulle wou hulle in die kranksinnige inrigting sit, het gesê hulle was mal.

40 God het vir hulle een van die grootste herlewings voorsien wat hierdie volk ooit geken het. Ek gee nie om wanneer dit was nie, daar was nog nooit 'n herlewing soos die Pinksterherlewing nie. Dis reg. Wesley het dit nooit gehad nie, nie een van hulle het dit gehad nie, Spurgeon, Calvyn, Knox, groot hervormers, maar hulle het nooit die herlewing gehad soos die Pinksterherlewing nie, die grootste ding wat die aarde getref het vandat die Heilige Gees geval het op die Dag van Pinkster, niks. Net nou het hulle—hulle meer bekerings verlede jaar, het die kerk self meer bekerings gebring as, amper, die res van die kerke tesame. Het julle Billy Graham hoor praat daarvan nie lank gelede nie? Julle kan dit nie ignoreer nie.

41 Waar het ons ons fout gemaak? Soos Israel gemaak het, kon ons nie oor die weg kom net om, te gaan soos die Heilige Gees ons gelei het nie, ons moes iets byvoeg om ongeloof te laat inkom. As Israel sou voortgaan om die pad te volg wat die Here hulle gelei het, was hulle binne twee weke in die beloofde land, maar hulle moes iets vervang.

42 En as die Pinksterkerk sou aangegaan het in die Gees, die manier wat God dit bestem het om te gaan, en alreeds bewys het dat Hy daarin was, sou ons in die Millennium gelewe het. Maar hulle het dieselfde ding gedoen wat hulle destyds gedoen het, soos die Bybel gesê het in Korinthiërs. Daardie dinge was ons voorbeelde, wat met hulle gebeur het, gebeur met ons.

43 Wat het gebeur? Die eerste ding wat ons nie kon wees nie, om gelei te word deur die Gees in ’n groep gelowiges, ons moes iets hê om vir ons ’n naam te gee, ons wou ’n organisasie maak. So hulle het gevorm, en wat dit gemaak het iemand het ’n openbaring gehad dat mense gedoop behoort te word in die Naam van Jesus in plaas van Vader, Seun, Heilige Gees. En in plaas daarvan, wat het toe gebeur? Die ou Algemene Raad moes toe die Gemeentes van God word. Wat het gebeur? Die Jesus’ Naam moes vir hulle ’n organisasie maak naamlik die P. A. van W., die P. A. J. C., en al die verskillendes, een wat op ’n perd kom, die ander een wat op ’n wolk kom.

44 Dis waar julle julle fout gemaak het, dis waar julle verskriklik sondig. Waarom het julle dit nie uitgelos nie? As daardie Naam *Jesus*, en al hulle dingetjies wat julle het, ensovoorts, nie reg was nie, God het gesê: “Elke,” of, Jesus het gesê: “Elke plant wat My Hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word.” Dit sal tot niks kom as dit nie van God is nie. En as dit van God is, wie gaan dit keer? Dis reg. Los dit uit. Laat God die Regeerder wees.

45 Maar ons moes organiseer. Nou het ons Eenheid, Tweeheid, Drieheid, en *oooo*, goeiste, verdeel, wat met mekaar baklei, klein groepies: “Ons is die grootste.” “Ons is in die minderheid.” “Ons is die meerderheid.” “Ons is *dit*, ons is *dat*.” “Ons het die beste, ons het meer geld, ons het meer sendelinge, ons het. . . ” O, goeiste! “Ons is nie verdeeld nie,” ons behoort nie te wees nie: “ons is almal een Liggaam, een in hoop en Doktrine, een in liefde.” Die Heilige Gees! “Voorwaarts Christenstryders wat marsjeer soos na die oorlog,” met een ding voor ons, nie ’n organisasie nie: “maar die kruis van Jesus, wat vooruit gaan.”

46 Dit was altyd dat mense hulle deel wil byvoeg, doen wat hulle dink wat gedoen moet word. Dieselfde ding het gebeur toe Israel ’n idee gekry het dat hulle ’n koning wou hê, God was hulle Koning. God wou altyd Algenoegsaam wees vir Sy mense, maar die mens wil vir hulself iets daarin maak, want ons moet distrikspresbiters hê, ons moet Ph.D.’s hê, en ons moet al hierdie ander groot titels hê, ensovoorts, om vir ons iemand te maak om na op te sien, dat die res van die broers wat. . . Sê: “Wel, hulle sal stry, en baklei, en struwel, en hulself bevoordeel om ’n veer in hulle hoed te kry,” noem ons dit. Wel, dis ’n skande! Dit bring ongeloof.

47 Die Bybel het gesê: “Hoe kan julle geloof hê wanneer julle ’n aannemer van die persoon is?” en sulke dinge. Hoe kan julle dit doen wanneer julle probeer sê: “Die distriksman is hier, ons moet na hom luister; die biskop is hier, ons moet na hom luister; die presbiter is hier, moet ons na hom luister”? Probeer om *iemand* in julle organisasie te wees, jy kan dit nie doen en dan geloof in God hê nie. Jy moet dit alles uitverkoop en geloof in God hê.

Dis waar Pinkster begin het. Dis wat Pinkster-. . . julle Pinkster gemaak het.

48 Die woord *kerk* beteken "uitgeroep." Israel is uitgeroep, Pinkster was die uitgeroeptes en afgesonderdes. Israel was die Kerk van God, Pinkster was die Kerk van God toe dit uitgeroep en afgesonder is. Maar wat doen julle? Julle moet optree soos die res van die—die res van die mense, julle moet die dinge doen wat hulle doen, julle—julle wil soos hulle wees.

49 Toe Israel 'n koning wou hê, het goeie ou Samuel die profeet, hulle byeengeroep, en hy het gesê: "Luister, ek wil vir julle iets vertel." Met ander woorde, soos hierdie: "Julle wil nie soos die Filistyne wees nie, julle wil nie soos die ander nasies van die wêreld wees nie, hulle het hulle konings, maar julle het een Koning, dis Jehova." Enige ware profeet sou jou dit vertel, jou nie in iets anders instuur nie, jou terugsit by Jehova; Hom jou laat lei, Hom jou laat rig. Wel, hulle wou in elk geval soos die ander nasies wees, en ou Samuel het opgestaan, hy het gesê: "God is julle Koning."

50 God is ons Koning. Moenie probeer om soos die dinge van die wêreld, die ander nasies te wees nie, laat hulle aangaan as hulle dit wil hê. As die ander mense hulle groot, nougesette biskoppe wil hê, en opgevoede predikers, en al hierdie soort Hollywood goed, laat hulle dit kry, maar dis nie vir die kinders van God nie. Die Heilige Gees is ons Gids, Dis ons geestelike Leier. Julle het nie hierdie dinge nodig nie, hulle hulle wil hê, laat hulle hulle kry, nie julle nie, dit is nie gepas vir julle nie.

51 Nou, ons let op van wat gebeur het, Samuel het vir—vir Israel gesê, hy het gesê: "God het my gestuur om julle profeet te wees. Het ek julle ooit enigiets vertel in die Naam van die Here wat nie gebeur het nie?" Dink daaraan. En hy het gesê: "Het ek julle ooit gesmeek vir julle geld? Het ek ooit geld van julle gevat?"

52 Ek het pas 'n brief gekry van 'n broer buite in Arizona, waar 'n sekere, groot leier 'n diens gehad het. En in hierdie diens, uit 'n klein kerkie, niks meer mense as wat net hier sit nie, dit het daardie kerk sesduisend dollar gekos, *hierdie* man is een op die raad, om die man te kry, dit het tienduisend gekos vir die uitsending. En om daaraan te dink, broer, wat sesduisend dollar sou doen in 'n sendingveld, waar ek weet waar broers die Evangelie verkondig met geen skoene aan hulle voete nie!

53 En ons sit miljoene dollars in yslike groot geboue. Ek praat nie van enige sekere persoon nie, ek praat van oor die hele ding. Groot geboue, ek het net onlangs gesien waar 'n groot organisasie sesmiljoen sit, glo ek, drie tot ses miljoen dollar in 'n kantoorgebou, en sendelinge wat honger ly op die veld, en ons preek Jesus kom binnekort. Waar kan julle sin maak daaruit, mense? Ek's net, ek kan dit net nie verstaan nie, ek begryp dit nie.

54 Jou lewe, wat jy lewe, vertel, regtig, wat jy in jou hart dink. Jesus het gesê: "As jy een ding sê, en 'n ander doen," Hy het gesê: "julle skynheiliges! Hoe kan julle goeie dinge sê met julle mond, en julle hart iets anders dink?" Julle dade spreek harder as julle woorde. Waarom glo ons Jesus kom, en doen hierdie dinge? Ons het geen tyd vir daardie dinge nie.

55 Samuel het gesê: "Nou, sê julle vir my of ek ooit enigiets vir julle gesê het in die Naam van die Here wat nie gebeur het nie."

"Nee," het hulle gesê: "alles wat jy vir ons gesê het, het gebeur."

56 "Sê my wanneer ek ooit julle geld gevat het, sê my." En gesê: "Nou, as julle gaan optree soos die res van hulle, wanneer julle 'n koning hier inbring, en iets onder Jehova vervang . . . "

57 "Wel," het hulle gesê: "jy sien, hierdie sal ons koning wees, en ons sal wees soos die res van hulle. Wel, dit sal—dit sal net beter werk. Ons sal 'n man hê met wie ons kan praat, 'n man wat ons kan troos, een of ander man om hierdie verskillende dinge vir ons te wees, terug te praat met ons." O, broer, as jy net geestelik genoeg is, sal God met jou terugpraat.

58 Hulle probeer die einste kwessie van die nuwe geboorte omseil. Dis wat plaasvind. Nou, mense kan nie dink aan hierdie nuwe geboorte, die doop van die Heilige Gees, ensovoorts nie. Hoe het jy ooit hier gekom om te bestaan sonder die natuurlike geboorte? Jy kan dit nie doen nie, daar's glad geen manier vir jou om dit te doen, vir jou om te bestaan, en in staat te wees om rond te loop en te weet, sonder om die natuurlike geboorte te hê nie. Is dit reg? Wel, dieselfde ding is dit in die geestelike. As jy nie wedergebore is nie, weet jy net niks daarvan nie.

59 Hoe kan jy 'n man neem wat 'n groot klomp mense in diens gaan neem, wat sê: "Ek het 'n besigheid hierbuite," 'n man wat oorgaan na die begraafplaas, net so vinnig as wat hy kan hardloop, na die begraafplaas toe hardloop?

"Waarheen gaan jy, meneer?"

"O, ek het net 'n yslike groot projek hierbuite, ek gaan soontoe om 'n paar mense te kry om my te help."

"Party mense vir *wat*?"

"My te help."

"Waarheen gaan jy?"

60 "Na die begraafplaas. O, ek het oral name in die plek gesien!" Dis wat dit is, net name. Dis wat ons word, 'n klomp Pinkstername. Dis reg. Ons het iets nodig met Lewe daarin. Jy kry nie lewe in 'n begraafplaas, in 'n denominasie nie. Jy kon heelnag en heeldag vir hulle preek, daar's niks daar wat kan beweeg nie.

61 Jou werk sal nooit klaar kom wanneer jy vir mense sê die Here kom, en om—om te evangeliseer, en om uit te gaan op die strate en te getuig, en iets vir God te doen, hoe kan jy dit doen wanneer hulle dood is? Jy moet iewers kom waar daar Lewe is, ’n man moet wedergebore word. Die kerk moet terugkom na die beginsels van Christus, terug na nuwe geboorte, terug na die Heilige Gees, terug na heelnag bidure, plekke wat aan die brand is vir God, in plaas van *daardie*.

62 Jy sê: “Wel nou, ek behoort *hieraan*, ek behoort *daaraan*.” Is jy ’n Christen? “Ja, ek behoort aan *so-en-so*.” Dis ’n wêreldsgemaakte ding, wat net sy tyd uitgedien het, maar ek probeer nou ’n punt maak, broers, sit net ’n oomblik stil.

63 Party van julle goeie, opregte denominasionele broers, moenie begin wriemel en skree nie, want ek—ek’s—ek weet jy’s ’n goeie broer. Soos die seuntjie was, wat ingekom het om ’n toebroodjie te eet, en hy eet, en hy het gesê, dat ’n—’n ou kat gekom, en om hom gemiaau het, hy het sy stert op die vloer sien lê, so hy het net ’n bietjie gewig daarop gesit. Die ou kat het begin skree, en sy mamma het gesê: “Junior, as jy nie ophou om daardie kat se stert te trek nie, kom ek uit en slaan jou op jou mond.”

64 Gesê: “Mamma, ek trek nie sy stert nie, ek sit net ’n bietjie gewig daarop, dis hy wat so skree, dis hy wat so trek.” Dis reg.

65 Nou, let op, o, net ’n bietjie gewig op die Evangelie. Wat ons wil doen, is om dit te sit waar dit hoort. En die kerk het sy fatale fout gemaak toe dit die eerste keer sy eerste organisasie gemaak het. Wat het julle gedoen? Julle sê: “Wel, hulle—hulle het begin probleme maak.” Wel, as jy ’n ware gelowige in God was, het God ons belowe dat as Hy dit nie geplant het nie, dit nooit êrens sou kom, in elk geval nie, dit sou uitlos, dit tot sy einde sal kom. “Elke plant wat My Hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word.” Dis presies reg. Maar hulle moes dit net doen.

66 Nou, ons let op nadat al die seëninge na Israel gekom het, tog wou hulle, Eksodus 19, wou hulle ’n—wou hulle ’n wet hê. Hulle wou iets hê wat hulle self kon doen, ’n paar Sabbatdae wat hulle kon onderhou, of ’n paar ordinansies wat hulle kon doen, of—of *iets dergliks* wat in, ingebring is vir hulle wat hulle self kon doen. En as jy een ding kan doen om jouself te red, dan is daar nie een deeltjie daarvan wat genade is nie. Wet is wat jy doen in gevolge van die genade wat God jou bewys het deur jou te red.

67 Soos ek dikwels gesê het, ek gaan nié uit met ander vroue, omdat ek bang is my vrou sal van my skei nie, ek gaan nie met die ander vroue uit nie, omdat ek my vrou liefhet. Dis reg. Ek glo nie dat jy met ander moet uitgaan nie. Maar ’n wet is nie wat dit keer nie, my huweliksbelofte, dis my liefde.

68 En dis, waarom ek God liefhet, nie omdat ek bang is Hy sal my hel toe stuur nie, ek glo nie Hy sou dit doen nie, maar omdat ek Hom so liefhet, wil ek dit nie doen nie. Daar’s niks in my wat

my dit laat doen nie, ek het Hom te lief, ek sou Hom nie vir niks seermaak nie. Sekerlik, ek het Hom lief.

69 En wanneer mans en vroue 'n punt bereik: "Wel, ek behoort regtig by die huis te bly en hierdie goeie toneelstuk te sien vanaand, en maar ek—ek sal jou sê, hulle sal dink ek's afvallig as ek nie kerk toe gaan nie." En jy het daar gesit en slaap in elk geval, jy kon net sowel by die huis gebly en gekyk het na iets wat jy meer sou geniet het. Maar wanneer jou vreugde die Here word, en die Here jou vreugde is, jy nie kan wegbly van die kerk af nie, dan kom jy êrens.

70 Die kerk was in 'n beter toestand veertig jaar gelede vir die Koms van die Here Jesus, as wat dit vanaand is, baie beter. Hulle was nader aan God, hulle het meer God onder hulle gehad, hulle het meer Gees onder hulle gehad as wat hulle vanaand het.

71 Wat het dit gedoen? Omdat ons onsself geskei het, elke klein groepie by homself, daar uitgegaan en die ander—ander een vertel het: "Wel, dis 'n ou aasvoëlnes daar oorkant, hierdie is *dit*. Daar, hulle het *dit* nie, ons het *dit*." En julle klein verskille van doktrines ensovoorts, en God sou nie soveel aandag daaraan skenk nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.]

72 As ons nie liefde het nie, wat help dit in elk geval? "Al ken ek alle verborgenhede, en verstaan al die verborgenhede van God, al kan ek geloof hê om berge te versit, en my gee, al my goed aan die armes, en my liggaam laat verbrand as 'n offer, en nie liefde het nie, is ek niks," het Paulus, Een Korinthiërs, 13de hoofstuk gesê.

73 Sien, julle—julle mis die einste ding wanneer julle julself begin skei, skynbaar sonder die geloof, wanneer jy onsself begin skei: "Ons is *hierdie* groep, ons behoort *hieraan*, ons het niks met hulle te doen nie." En dis alles die Heilige Gees. Elkeen van daardie groepe praat almal in tale, elkeen van daardie groepe het goed en sleg onder hulle, net dieselfde as wat die eerste groep het, en hulle sal dit altyd doen. En God gee hulle die Heilige Gees wat Hom gehoorsaam. So wie het Hom gehoorsaam? Die een wat Hom geglo en Dit aanvaar het, dis die een wat Hom gehoorsaam het.

74 Sien, maar ons moet self iets daarmee te doen hê, ons wil wees soos die Metodiste, soos die Presbiteriane, die Baptiste, die Katolieke. Ons moet 'n organisasie maak. Ons het. . .Dis dieselfde ding waarmee Martin Luther gefaal het, nie Martin Luther nie, hy het dit nie begin nie, John Wesley het dit nie begin nie, dit was die groepe na hulle wat dit begin het. Dis reg. Hulle het dit nie begin nie, nee, meneer, hulle het dit skoon gehou, maar toe hulle weg is, toe het die volgende rondte van hulle begin organiseer.

75 En dis net soos dit destyds in die begin was. Eerste groep het besef dit was God, en die doop van die Heilige Gees, en hulle het

daarby gebly, maar die tweede groep het gekom: "Wel, ons moet *hierdie* doen, ons moet onsself van hulle skei, hulle het skynbaar nie die geloof nie, en ons het dit. En ons sal ons groep hier laat wegtrek." En toe het dit een of ander leier *hiernatoe* laat gaan, en *hierdie* een laat wegtrek, en *hierdie* een wat *hiernatoe* trek, *hiernatoe*; sien, net presies dieselfde ding wat Israel gedoen het.

76 Hulle wou, Eksodus 19, hulle wou 'n wet hê, hulle wou iets hê wat hulle self kon doen, hulle moes iets daarmee te doen hê. Hulle moes groot manne maak, moes 'n paar werke hê wat hulle self kon doen.

77 God sal die werke voorsien. As jy net in genade sal wandel, sal jy meer werk as wat jy nou doen met die Dameshulpvereniging, en al hierdie ander onsin wat by die kerk gevoeg is. Sop-aandetes om die prediker te betaal, waar het jy ooit so-iets soos daardie skrif gekry? Tiendes betaal die prediker, hy moet lewe van die tiendes van die mense. Maar ons moes iets anders kry om te doen, ons moet ons deel daarin hê. En as die, hulle dit nie kan voorsien nie, is daar 'n ander vereniging wat dit sal doen, 'n ander vereniging.

78 God se weg is reg. Tiendes en offerandes gaan na Levi, wat die prediker was. As almal hulle tiendes sou betaal, sou julle nie enige sop-aandetes hoef te hê nie. Sien, julle het iets anders aangeneem, en laat die tiendes weg. Sê dis 'n Ou Testament argument. Ek wil graag hê julle moet dit vir my bewys. Dis reg. Jy kan dit nie deur God se Woord doen nie, dis 'n Nuwe Testament orde, ook. God maak een orde, dit kan nooit verander word nie, dit moet so bly.

79 Soos die Bloed, iemand sê: "Wel, ons—ons, ek sê jou, ons—ons doen *hierdie* en doen *daardie*, en ons het geloofsbelydenisse, en ons probeer mense opvoed na Christus, ons probeer hulle na Christus denomineer," ons slaan net teen die wind, dit help niks, daar's net een weg na Christus toe, dis deur die Bloed. Dis God se program van die begin af, en Hy kan nie verander nie, ons kom deur Christus deur die Bloed. En na ons die Bloed ontvang ons, die chemie van die Bloed om ons sondes weg te neem, en ons te reinig van ons ongeregtigheid, dan ontvang ons die Gees wat in die Bloed is, wat die Heilige Gees is wat terugkom op ons, en ons seuns en dogters van God maak, dis reg, dan is julle nuwe skepsels in Christus, dan het julle dieselfde ondervinding wat hulle aan die begin gehad het. Jy lewe dieselfde soort lewe, en doen dieselfde soort werke wat hulle aan die begin gedoen het.

80 Ja, Eksodus 19, toe het die Bybel gesê dis elf dae se reis van Berg Sinai na Kades. Elf dae nadat hulle hulle geïndokumenteerde teologie ontvang het, hulle werke wat hulle wou doen, hulle het die grootste fout gemaak wat hulle ooit gemaak het. By Kades is waar hulle God se Woord betwyfel het. Van die tyd dat hulle in lyn met God gevolg het, totdat hulle

geïndokumeerd geraak het, en toe, toe hulle het, het hulle hulle fatale fout gemaak, om te glo dat God se Woord waar was.

81 Hulle het hulle organisasies geneem, die twaalf verskillende stamme het 'n verteenwoordiger uitgestuur om oor te gaan en die land te verken. Twee van hulle het oorgegaan en 'n bewys teruggebring, hulle het een bewys gebring dat dit 'n goeie land was. Josua en Kaleb het hierdie tros druiwe gedra, miskien, op hulle skouer, almal het geproe, gesê: "*Hmm*, goeiste! Dis so lekker, wonderlik."

82 Maar toe hulle teruggekom het voor die gemeente, het hulle gesê: "Die opposisie is te groot, ons kan dit net nie doen nie, dit help glad nie dat ons dit probeer nie. Wel, ons lyk soos sprinkane teenoor daardie groot opvoedkundige reuse daar oorkant, daardie groot biskoppe, en doktore van godsgeleerdheid. Daar's net een ding, hoe kan ons klein twee—twee jaar van skool, ons klein laerskoolopleiding ooit vergelyk met Doktor, Ph.D., dubbel L.D., S.Q.U.T., al hierdie ander? Hoe sou ons dit ooit doen met hierdie yslike groot kêrels?" Dit is nie dit nie. God het die land belowe, geleerdheid het niks daarmee te doen nie.

83 God het die Heilige Gees belowe aan wie ook al wil, laat hom kom. Jy nie gesplete boontjies van koffie kan onderskei nie, watter verskil maak dit? As jy nie jou ABC's kan sê nie, watter verskil maak dit, solank jy 'n ondervinding ontvang het?

84 Toe Petrus en Jakobus opgeraap is, of, Johannes, by die Skone Poort, waar hulle die man laat loop het wat kreupel was, hom laat loop het, lam was van sy moeder se skoot af, het die Bybel gesê hulle was onkundige en ongeleerde manne, maar tog het hulle ag geslaan dat hulle by Jesus was. Dis die kwalifikasie van 'n ware Pinkster, nie hoeveel grade jy het, watter soort graad jy gevolg het nie, 'n Baccalaureus Artium, of of jy Ph.D., of LL.D. is, of wat dit ook al is, dit niks daarmee te doen het nie, is om mense te laat weet dat jy by Jesus Christus was, mense laat weet dat daar *Iets* daaragter is wat jou siel aan die brand het, dis Pinkster.

85 Partymaal sien ek hoe die kerk raak. . .Ek het die Baptiste kerk verlaat om 'n Pinkster te word, ek het dit verlaat omdat ek geweet het hulle het iets, maar toe ek hier oorkant gekom het, is dit so streng georganiseer as wat die Baptis was, erger. Dis reg.

86 Nou, ons kom uit en kyk, en kyk rond, en sien elf dae se reis van teologie na totale ongeloof, van die dae wat hulle die wet gekry het, totdat hulle uiteindelik in totale ongeloof ingegaan het. Hier kom twee terug wat bewyse gehad het.

87 Die Pinksterkerk, veertig jaar gelede, het een goeie bewys teruggebring dat daar 'n Land daar oorkant was, omdat hulle 'n bewys gehad het van praat in tale. Maar broer, dit is nie die enigste bewys nie, nie net het dit goeie druiwe daarin gehad nie, maar dit het melk en heuning gehad wat gevloei het, dit het

alles gehad. Maar hulle was net tevrede met die druiwe, en het gesê: "Dis, ek reken dis al wat dit is." Dis wat die Pinksterkerk gedoen het: "Handelinge 2:4, Handelinge 2:4, Handelinge 2:4," tot julle soveel druiwe gekry het, dat ek glo dit het van regte druiwe gegaan na possumdruiwe, suurdruiwe. "Handelinge 2:4, Handelinge 2:4," totdat julle amper 'n 2 by 4 predikers geword het, dis reg, om aan 'n organisasie te suig. Huh!

88 Een ding, hulle betaal my nie, ek's vry om die Bybel te preek. En solank God my laat lewe, sal ek net daar staan as 'n getuie teen die verkeerde. Ek gee nie om waar. . . Niks verkeerd met die organisasie nie, die organisasie is in orde. Die wet was goed, dit het sy doel gedien, dis waar, maar die wet het niks vir hulle gedoen nie, dit het hulle geen genade gegee nie. Die wet het hulle nie oorgeneem na die beloofde land nie, nee, meneer, die wet het opgehou, Josua het hulle oorgeneem, en Moses, die wetgewer, het gesterf.

89 En so gaan die kerkorganisasie uitsterf, en genade, en die krag van God, en die Heilige Gees terug na die Kerk om die Kerk weg te raap na die Beloofde Land. Ja, dit het sy doel gedien, maar dit was nie 'n ding wat God wou hê nie. Die wet het gesterf, opgehou om te wees, Moses, die wetgewer, het gesterf; Josua, die een wat die belofte geglo het, hy het aan, aangegaan.

90 Nou let op, almal van hulle het gesê: "O, ons kan dit nie doen nie. Wat sal dit doen? Dit sal ons erfdeel bederf." Dis wat julle Metodiste gedink het, dis wat julle Baptiste gedink het toe julle opgestap het na daardie grenslyn en oorgekyk het, gesê het: "O, ek—ek kan dit nie doen nie, ek—ek sê jou, as hulle dit doen, sal hulle, sal my Metodiste organisasie my uitskop." "My Baptiste organisasie sal my uitskop." "My Presbiteriaan, sal my uitskop." "As ek in tale gaan praat, en in my preekstoel staan, en iemand in my gehoor gaan praat in tale, as ek hulle nie weier nie, wel, sal hulle my uit die organisasie skop." Daar het julle dit, dieselfde ding.

91 Laat ek julle die uiteinde daarvan vertel, blaai na Hebreërs die 6de hoofstuk, en Hebreërs die 10de hoofstuk, vergelyk daardie verse, "Want ons wat eenmaal verlig geword en deelgenote van die Heilige Gees geword het, en die krag van die toekomstige Wêreld gesmaak het;" sien: "hulle wat die kennis van die waarheid ontvang het, en dan wegdraai; om afvallig te word tot bekering; omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en Hom openlik tot skande maak."

92 Hier is dit: 'n Man word geroep om 'n prediker te wees, ja, meneer: "Die Here het my geroep." Goed. Goed, hy kom en bely sy sondes, geregverdig, hy word 'n goeie gelowige. Nou, die volgende ding wat hy doen, hy rook nog, hy is nog wellustig, hy hou die wêreldse mense dop, die wêreldse vroue, en hy, die begeertes en dinge is in sy hart, hy weet dis nie reg nie, dit is nie

gepas vir 'n prediker nie, so hy gaan af en vra God om hom te heilig. Hy's dan op die tweede trap: "Haal daardie ding uit my uit." Nou, hy kyk oorkant in die Beloofde Land in, die grenslyn, hy kom op na die plek waar hy nie verder kan gaan nie, hy moet die Jordaan oorsteek, dis al, of agterbly. Sien? "Was deelagtig gemaak, verlig gemaak, en die kennis van die waarheid ontvang." En Christus is die Waarheid.

93 Hoe kom ons in Christus in? Deur die organisasie? Deur die handdruk? Deur die denominasie? Deur die waterdoop? Nee, meneer. "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam." Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Luthers, Eenheid, Tweeheid, Vyfheid, wat jy ook al is, deur een Gees word ons gedoop in daardie Liggaam.

94 Maar, die eenmaal, die kennis ontvang het, hy kom daar en hy kyk oor, hy het gesê: "Ja, o, dis wonderlik, maar as ek dit ontvang, sal my denominasie my uitskop. Ek kan dit nie doen nie, want hulle glo nie daarin nie. Ek kan nie my mense dit laat doen nie. As ek dit in my kerk leer, wat sal hulle hê? Hulle sal 'n distrikspresbiter saam laat opkom, hulle sal groot manne laat opstap, sê: 'As jy so-iets soos daardie doen, jy dit toelaat, gaan jy uit die organisasie uit. As jy *so-en-so* hier het, sal ons jou net ekskommunikeer uit die gemeenskap.'"

95 O God! Vir 'n lafhartige prediker soos daardie, hy moet teruggaan na Gólgota. Daar's iets verkeerd met hom, wanneer jy oortuig is dat dit die Woord van God is, en nie genoeg ware Heilige Gees oortuiging het om te staan op wat reg is nie. Halleluja!

96 'n Man sal 'n vrou respekteer, sy mag so swart soos houtskool wees, maar hy beskou daardie vrou as 'n vrou, sy vir waardigheid staan wat by 'n vrou hoort, sal 'n ware man sy hoed vir haar afhaal, reg, want sy staan vir wat in beginsel reg is. Dis presies. Sy mag so lelik wees soos kan kom, hy sal 'n duisend keer meer respek vir haar hê as wat hy sou vir een van hierdie Hollywood-koninginne, of wat dit ook al mag wees, as hy 'n egte *man* is. Waar.

97 So sal God ook wanneer Hy 'n man kry wat Hy genoeg vertroue in hom kan stel om Sy Woord aan hom te openbaar, en hy sal staan, staan op die Bybelse oortuiging, en sê: "Bewys dit vir my." Dis reg. Dan neem jy God se Woord, elke Woord net soos Dit geskryf is, en preek Dit net soos Dit geskryf is, God is verplig om reg daaragter te kom en Dit te bevestig met tekens en wonders wat volg, soos Hy gesê het Hy sou dit doen.

98 Nie stop met een bewys nie, daar's meer bewyse, daar's huise, daar's plekke, daar's tuine, melk, en heuning, en goeie kos, en baie dinge, waters wat uit die berge vloei. Alles is goed daar oorkant, net nie 'n tros druiwe nie, maar dis waar ons stop, "Prys God, het die Heilige Gees, die bewys van praat in tale." Dis alles

reg, wys iemand het soontoe gegaan. Maar waarom staan jy by hierdie grenslyn?

99 Sien: "Deelgenote van die Heilige Gees geword, en die krag van die toekomstige wêreld gesmaak het," as hulle sal terugval in daardie selfde ou groef wat die Metodiste het, die Baptiste het, die Presbiteriane het, "en ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig, en Hom tot openlike skande maak."

100 En ons vind in die Laodicése Kerktydperk dat Hy aan die buitekant van die Pinksterkerk was, besig om weer in te probeer kom. "Hom 'n openlike skande maak." O, God wees genadig, broer. As julle van my verskil oor hierdie dinge, ondersoek die Skrifte. Vind uit die dag waarin ons lewe, kyk waar dit is.

101 Ek het 'n vermaning, ek sal dit nie nou lees nie, maar *hier* is dit, Demos Shakarian laat dit dokumenteer, deur 'n man, Hollywood-man, wat opgekom het om hande te skud met my, en in Frans begin praat het, en die VN tolk daar het die uitleg gegee, saam met 'n Franse vrou, gesê: "Omdat jy die moeilike weg gekies het, maar dis MY WEG, moenie vrees wat mense van jou sê nie, want Ek is met jou, en Ek sal met jou wees, en Ek sal die uitermatige oorvloedige tot stand bring."

102 Ek het dit net hier geskryf, en geteken deur . . . En—en Broer Demos Shakarian laat dit dokumenteer deur 'n notaris. En daardie man, 'n Baptis, het niks daarvan geweet nie, maar ek het daar probeer staan en die ding veroordeel wat die oë van die Pinkstermense verblind, Hollywood in die kerke, Hollywood evangelisasie.

103 n Kêrel sal 'n paar koeverte uitdeel, en sê: "Sit vyf-en-twintig dollar daarin, en ek sal vir jou bid," vir jou sê jou oeste gaan misluk as jy nie doen . . . laat . . . *soveel* in die offerande insit nie. Wanneer het dit gebeur dat Pinkster agter geld aan was? Wel, broer, in die Bybelse tyd het hulle verkoop wat hulle gehad het en dit aan die kerk uitgedeel. Vandag moet ons 'n vloot Cadillacs hê of julle is nie geestelik nie. Dis 'n sonde, dis 'n skande.

104 Ons probeer kyk of ons nie 'n beter kerk kan bou as—as wat hulle *daar* het nie, die Presbiteriaan 'n beter kerk as die Metodis, en sê Jesus kom binnekort. Hulle lag reg in jou gesig. Dis reg. Wat ons vandag nodig het, is nie 'n beter kerk nie, julle sou beter daaraan toe wees as julle 'n sendingstasie gehad het, julle sou beter af wees om onder een van hierdie akkerbome hierbuite te staan, of dennebome, sonder 'n plek om ons hoofde neer te lê, en die Evangelie te verkondig, as om toe te gee.

105 Ons is in 'n verskriklike toestand, die kerk self. Wat het dit gedoen? Omdat ons onsself geskei het, een afgeskei van *hierdie* een, een afgeskei van *daardie* een, word ons groot organisasie gesind, en alles. Wys julle net presies, in tipe, wat hulle toe gedoen het. En ons sou oorgegaan het en in die Millennium gewees het.

106 Ek glo dat die Koms van Jesus Christus verby die tyd is, ek kan dit bewys deur die Bybel, die Bybel het gesê, Jesus Christus het Self gesê: "Soos dit was in die dae van Noag," en God lankmoedig was, nie gewillig dat enige moes vergaan nie, lankmoedig was, gewag, gewag, die toorn weerhou, gewag, gekyk het of iemand anders nie sal nie, gewag, gewag, gewag het: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." God is lankmoedig, wag om Sy Kerk in die regte toestand te kry.

107 Wat is dit? Wat is dit? In plaas van om in die regte toestand te kom, gaan ons die heeltyd verder weg. Ons behoort in die Millennium te gewees het, ons behoort iets vir God te doen, ons moes veertig jaar gelede ingegaan het, maar nee, ons het dieselfde fout gemaak wat hulle het. Hulle het by Kades gekom, veertig jaar, en God het hulle teruggedraai as gevolg van die ongeloof. Wat was dit? Die organisasie. Die mense het gekyk . . . Wat sou dit gebeur het?

108 Nou, julle sê: "Watter organisasie?" Almal van julle! Skei julleself af. Julle sê: "Kan ek 'n Gemeente wees en geestelik wees?" Sekerlik. "Kan ek 'n Eenheid wees en geestelik wees?" Sekerlik. God gee jou die Heilige Gees as jy 'n Katoliek is. Maak nie saak wat jy is nie, solank jy 'n kind van God is deur geboorte in die Heilige Gees, is jy God se kind.

109 Moet dan nie net, onthou, die ander broer soek ook vir bietjie beskutting, die kombers is groot genoeg vir albei van julle, God het dit so gemaak, moenie dit alles wegpluk, en jouself daarin toedraai, sê: "Vries dood," nie. As jy koud is, laat ek jou help. Wanneer dit kom by 'n plek waar jy nie 'n gevalle broer wil help nie! As jy dink hy het geval, help hom op 'n manier, tree in die bresse, *tree* in die bresse met liefde. Dis die sement wat die Kerk van God aanmekaar hou, is die sement van God se heilige liefde onder broers.

110 "Hieraan sal almal weet julle is My dissipels," wanneer julle aan die Gemeentes behoort? "Almal weet julle is My dissipels," waarom? Want julle is Eenheid? Want julle is Kerk van God?

111 "Hieraan sal almal weet julle is My dissipels, wanneer julle liefde vir mekaar het." Dis wanneer hulle sal weet, dis wanneer die wêreld sal weet dat ons Christene is, dis wanneer die wêreld sal weet dat ons broers en susters is, wanneer ons liefde vir mekaar het. Dis die merk van Christendom, is liefde vir mekaar. Wanneer ons dit kry, dan sal God onder ons begin werk en vir ons melk, heuning, groot dinge bring. Wel, dis goed wanneer ons vind wat God se plan is, en daarin beweeg.

112 Nou, ons let op dat, wat het hulle gedoen, die grenslyn gelowige? "Want dit is onmoontlik vir hulle wat eenmaal verlig is, en deelgenote geword het, en, van die Heilige Gees, en gesmaak het van die goeie Wêreld wat sou kom, en—en 'n

kennis van die waarheid gehad het, die kennis van die waarheid ontvang het," naderstap en in die Land inkyk en sê: "Wel, ek kan dit net nie doen nie," teruggaan . . . Dis presies wat daardie grenslynmanne gedoen het in daardie dag. Wat het hulle gedoen? Hulle, elkeen, het in die wildernis omgekom.

113 Wanneer ons dink dat God 'n verpligting teenoor ons het omdat "Ons *so-en-so* is, die Metodiste het niks daarmee te doen nie, die Baptis het niks daarmee te doen nie, die Eenheid het niks daarmee te doen nie, die Gemeentes het niks daarmee te doen nie," dan is ons verkeerd. [Leë kol op band—Red.]

114 Moenie julle organisasie dophou nie, kyk hoe die Gees lei, as die Gees jou lei, sal Dit jou nooit teenstrydig met die Woord lei nie, Dit sal Homself nooit onbeskof gedra, solank Dit in daardie Woord bly nie.

115 Wat het God gedoen? Hy het hulle daar gelos vir veertig jaar in die woestyn. Dis presies wat Hy aan Pinkster gedoen het. Ons het die aanvanklike bewys gehad, praat in tale. O, sê julle: "Ons het Goddelike genesing gehad." Hulle het, ook, hulle het 'n koperslang gehad; hulle het 'n geslaande Rots gehad, o, sekerlik. "O, Broer Branham, laat ek jou sê, ons Eenheid, ons Gemeentes, ons *So-en-so*, ons het uitgeroep, ons het in die Gees gedans." O sekerlik, hulle het, ook, maar hulle het veertig jaar uit die beloofde land gebly.

116 Het julle ooit gedink aan wat hulle gedoen het? O, God het hulle geseën, het Hy nie? Hy het gesê Hy het. Hulle het goeie oeste gekweek, hulle het goeie families gehad, hulle het daar gebly, en hulle was geseënd, en het vooruitgegaan. Wel, party van ons Pinksters is, jong, party van hulle, wel, ons is miljoene dollars werd, baie van hulle. Sekerlik, ons . . . God het ons voorspoedig gemaak.

117 Ek het nie lank gelede in 'n—'n diens gestaan, 'n broer wat nou hier sit, het daar gesit, Broer Fred Sothmann, toe ek een aand gepraat het in Kingston, Jamaika, en ek saam met die Volle Evangelie Sakemanne was, die einste manne wat ek gebruik het om my Boodskap na die mense te probeer bring, om te wys dat deur hierdie organisasie van sakemanne . . . Wel, toe kom die sakemanne van die kerk uit na daardie diens, dit sal bring . . . wel, as die pastoor nie kom nie, stel dit hom soort van in die verleentheid. So op daardie manier kan ek daarbinne werk om die Boodskap van die Here te probeer kry by die mense wat ek sien, my broers, my broers.

118 Wat het toe gebeur? Ek—ek het soort van erg daarteen gepreek. En hierdie sekere leier het opgestaan, en hy het gesê: "Broer Branham," hy het gesê: "ek sal jou sê . . . "

119 Ek het gesê: "Wat makeer julle sakemanne? Wat maak julle? Julle het, by daardie besigheidsvergadering vanaand, alles wat julle getuig het vir daardie Jamaikane was, 'Ek het 'n klein

besigheidjie op die hoek gehad, dit was glad nie voorspoedig nie, halleluja, ek het die Heilige Gees ontvang, God het my ’n vloot Katolieke gegee, of, verskil-. . . , of, Cadillacs, en—en yslike groot motors, en yslike groot *hierdie*, en Hy het my ’n nuwe huis gegee, Hy het my *dit* alles gegee.’ Daardie manne het daardie dinge, hulle wil dit nie hoor nie. Dis teenstrydig met Pinkster, Pinkster, het hulle alles verkoop wat hulle gehad het, dit onder die armes uitgedeel, en uitgegaan met niks. Hulle het uitgegaan met Jesus alleen.” Dis reg.

120 Hierdie leier daardie aand, hy het opgestaan, hy het gesê: “Maar Broer Branham, ek wil jou net nou iets vertel,” hy het gesê: “dis toe die Pinkster, daardie groep mense hulle grootste fout gemaak het wat hulle ooit gemaak het, toe hulle hulle huise verkoop het, en hulle dit vir die armes gegee het.” Ek vra nie enigiemand om jou huis te verkoop nie, ek vra jou net om Christus te volg. Maar ek sê julle, ek haal net die Skrif aan. En toe het hy gesê: “Wel. . . ”

Ek het gesê: “Wel, Broer, hulle is gelei deur die Heilige Gees.”

Gesê: “Wel, hulle het ’n fout gemaak.”

Ek het gesê: “Wil jy vir my sê dat die Heilige Gees ’n mens in ’n fout sou lei?”

Hy het gesê: “Dit het dit bewys, ek kan dit vir jou bewys met die Skrif.”

Ek het gesê: “Staan op jou voete en doen dit, Broer.” Ek het gesê: “Nou. . . ”

121 Hy het gesê: “Hier is dit: Sodra die vervolging teen die Kerk opgekom het, het daardie mense geen plek gehad om na toe te gaan nie, hulle het klaar hulle huise verkoop en dit vir die armes gegee, hulle het net rondgedwaal.”

122 Ek het gesê: “Presies wat God wou hê hulle moes doen, en die Boodskap is deur die hele land versprei. As hulle ’n huis gehad het, sou hulle teruggegaan het soontoe, maar hulle het geen plek gehad om na te gaan nie, daarom het hulle rondgedwaal en die Boodskap versprei.” Dis presies wat God wou hê hulle moes doen. Mense wil nie meer daardie pad vat nie, hulle wil dit nie hê nie, o, nee, meneer.

123 O, ons Amerikaners is sag en vet, en ons—ons is net snoesig, en ons hoef nie eers te sit en daarna te luister nie, ons staan net op en gaan huis toe. Sekerlik, dis reg. Hulle wil dit nie hê nie.

124 Die ding daarvan is, julle onthou wie die Heilige Gees gaan verseël in die laaste dae, weet julle wat die Bybel gesê het? “Hulle wat sug en steun oor die gruwels, wat in die stad gedoen word,” Eségiël die 9de hoofstuk.

125 Alhoewel, ek wil sommige van julle mense vra: Hoeveel vingers kan jy opsteek, vanaand, van enige persoon in hierdie stad, of jou stad waarvandaan jy kom, wat sug en steun, dag

en nag, oor die gruwels van die stad? Steek julle hande op. Sê vir my, dat: "Ek kan vyf mense in my stad uitwys. Ek kan twee mense uitwys." Of: "Kan, ek een persoon wys." As jy nie kan nie, hou jou hande af. Daar's nie 'n hand op nie. Daar het julle dit. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Sien wat ek bedoel? Ons het die ywer verloor. Die—die Pinksterkerk moet terugkom by sy oorspronklike toestand.

126 Wat het ons gedoen? Ons het net vet geword, en sag, en gaan sit, en dit net laat gaan, trek aan soos die wêreld, maak soos die wêreld, gaan na wêreldse vermaak toe, doen die dinge wat die wêreld gedoen het, met ons organisasies, denominasies, en kompeteer met hulle, en ons kerkgeboue, en alles, wat preek: "O, ja, halleluja!" Soos David duPlessis eenkeer gesê het: "Dis kleinkinders, dis nie seuns van God nie, en God het nie enige kleinkinders nie." God is nie *Oupa* nie, Hy's *Vader*. Reg.

127 En wat doen ons? Ons bring ons kinders in, sit hulle op 'n rol, en die sondaar daarbuite, en hy sluit by die Pinksterkerk aan, en ons sê: "O, is dit nie wonderlik nie? Hy het gekom om Pinkster te wees." 'n Kleinkind.

128 'n Ware seun van God is aan die brand, hy hou niks terug nie, hy staan daar en ken niks behalwe Christus, en Hom as gekruisigde nie. Niks hou hom vas behalwe God nie, hy word gelei deur die Gees, niks anders pla Hom nie. Hy volg die Gees waar Dit ook al gaan. Die lewende Wesens, soos in die Boek van Eségiël waar die wiele gegaan het, wel, het die lewende Wesens dit gevolg, nou, let op, die lewende Wesens, nie die dooies nie, die lewende Wesens.

129 Kyk net 'n oomblik, hulle het daar gebly, hulle het met vroue getrou, hulle het kinders grootgemaak, hulle het goeie oeste gehad, hulle was geseënd, ja, en hulle—hulle het 'n wonderlike tyd gehad. Hulle was daarbinne. . .Hoe lank het hulle daar gebly? Die Bybel het gesê totdat al die ou vegters dood was. Dis reg. Almal wat gesê het: "Glorie aan God, ons is die Gemeentes." "Wel, glorie aan God, ons is die *so-en-so*." "God, ons is die Eenheid, halleluja, die res van hulle is verkeerd." "Prys God, ons is die Kerk van God van Profesie." "Halleluja, ons is *So-en-so*." Goed, gaan voort. Wat het hulle gedoen? Hulle het aanhou stry oor hulle doktrine, totdat hulle daar gebly het totdat hulle gesterf het. En dis wat net nou gebeur het, hulle is dood, dood saam met hulle organisasie.

130 Ek sal enige teoloog bring na die. . .om dit te vertel, 'n geskiedkundige, ek weet van twee goeies wat nou net hier sit, so goed as wat daar in die volk is, ek vra enige geskiedkundige om my te vertel dat enige tyd wat God ooit in 'n herlewing beweeg het, bonatuurlike tekens gevolg het. Wanneer het Hy ooit beweeg, wat bonatuurlike nie gevolg het nie? En wanneer het

hulle dit ooit georganiseer in ’n organisasie, behalwe waar dit gesterf het, en nooit weer opgestaan het nie? Wys my eenkeer dat ’n organisasie ooit weer opgestaan het na sy begin toe. Dit het gesterf sodra dit georganiseer het, so het die Pinksters ook.

131 Die ou vegters daarbuite, wat wil sê: “Halleluja, ons het niks te doen met daardie ou nuwe saak nie, Glorie aan God, dis aan ons gegee deur profesie, halleluja, ons sal niks te doen hê met die Gemeentes of die Eenheid, enigeen nie, halleluja, ons is anders,” hulle is dood. Dit hou niks terug nie. En hulle is dood, gemerk met, *X*. Hy het daar gebly en hulle laat sterf, totdat hulle heeltemal dood was.

132 Wat was dit? Eendag het daar een onder hulle gekom, gesê: “Dit is nie al wat Hier geskryf is nie.” Wat het hulle gedoen? Reg terug oor dieselfde ou gronde elke aand, omgery, om daardie berg, omgery, en om, en om, omgery, dieselfde ou ding: “Handelinge 2:4, Handelinge 2:4, Handelinge 2:4, Handelinge 2:4! Halleluja! Ontvang die Heilige Gees, praat in tale, die Gees gee uiting. Glorie aan God! Bid vir my dat ek die laaste sal wees. . . die een wat God geroep het in hierdie laaste dae. Handelinge 2:4! Bly ek het die Heilige Gees wat in tale praat.” Dis reg, dis alles reg. Maar waarom reis jy op hierdie selfde ou berg wanneer daar ’n Beloofde Land voor jou is?

133 “Prys God, ek het by die Gemeentes aangesluit.” “Ek het by die Eenheid aangesluit.” “Ek het *hierby* aangesluit.” “Ek het *daarby* aangesluit.” Net dieselfde ou ding wat die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Katoliek, Lutheraan, en die res van hulle gedoen het, het in hulle spore gesterf, hulle het gesterf.

134 Dis moeilik, ek weet, broer, dis soos om kasterolie te neem, maar dit sal jou goed doen. Dis reg. Wat die kerk vandag nodig het, is ’n goeie—goeie dosis Evangelie medisyne, jou te kry, die traagheid uit jou uit, wêreld, vieslikheid. Wat ons vandag nodig het, is die krag van die Heilige Gees terug, gelei deur die Gees.

135 Wat was dit? Dit was ’n skaduwee en ’n tipe van die Pinksterkerk vandag, veertig jaar later hier vind ons onsself steeds Handelinge 2:4. God mag inkom met iets anders, met nog van Sy seëninge, en hulle sê: “Glorie aan God, ons het dit nie gehad nie. Halleluja! Ons glo Handelinge 2:4. Wel, hier, ons voorvaders het *dit* georganiseer, as hulle nie *hiernatoe* opkom nie, prys God, sal ons nie—sal ons nie daarmee saamwerk nie.” *Hmm*, *hmm*, *hmm!* Julle arme ontaarde, *afvallige*! Wat is die probleem? Ellendig!

136 Hoe kan julle God volg? Hoe kan julle gaan waar die Gees gaan? Julle organisasie sal goed wees as julle julle doktrine eindig met ’n komma: “Ons glo *hierdie*, plus wat God daarby kan voeg.” Maar julle eindig dit met ’n punt: “Ons glo *dit*, en jy volg *dit* presies, of dis dit.” Dis wat Luther gedoen het, dis wat Wesley gedoen het, dis wat John Smith gedoen het, dis wat Alexander

Campbell gedoen het, dis wat hulle almal gedoen het, en dis wat Pinkster gedoen het. Daar het julle dit, dooie veertig jaar op julle spore, en die Beloofde Land van die volheid van God se seëninge lê reg voor julle.

137 Wat het gebeur? Eendag het ou Josuatjie, hy het elke Woord geglo wat God gesê het, dis reg, hy het gesê: "Dis alles die waarheid, God het vir ons gesorg en Sy belofte gehou, Hy het gesê Hy sal in ons behoeftes voorsien terwyl ons hierbuite is, maar dis nie alles daarvan nie, daar lê 'n beloofde land, laat ons daarnatoe gaan. Jy was veertig jaar op hierdie berg, draai nou, en draai noordwaarts, en opwaarts, en gaan oor." Amen.

138 Die Pinksterkerk het in sy organisasie gestaan vir veertig jaar, julle was lank genoeg hier, broers, laat ons opstaan en na die noorde toe gaan, die Jordaan oorsteek, waar die beloofde land is, waar God belowe het dat "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook." Die seëninge en alles wat Hy belowe het, is vir ons, elke belofte in die Boek is joune. Maar wat moet jy doen? Kom eers na die Jordaan, en sterf vir julle geloofsbelydenisse en denominasies, gaan oor.

139 Onthou, Hy het gesê: "Nou, soos julle reis, gaan julle daar op langs die grenslyne. Nou," gesê: "moenie vir Esau aanraak nie. Nou, Esau is die Berg Seïr." Gesê: "Jy moet hom nie aanraak nie." Gesê: "Ek het dit vir hom gegee. As jy verbygaan, as jy—as jy enigiets eet, betaal hom daarvoor, as jy enige water drink, betaal dit, vir hom. Moenie die grenslyn-gelowige aanraak nie, want Ek sal jou nie daarin seën nie." Sien? "Moet hom nie meer slaan nie, gaan net rustig verby."

140 Nou, as die Metodiste en Baptiste daarbo by die grenslyn woon. . .Elke herlewing wat ooit gekom het, het tweelinge voortgebring, ek gee nie om waar dit was nie, dit bring tweelinge voort. Een van hulle. . .Dis net soos—net soos Esau en Jakob, hulle was albei verteenwoordig in daardie seuns van Isak. Esau was 'n man van die wêreld, hy was 'n godsdienstige man, het omgesien na dinge, en dinge vir sy vader gedoen, en was 'n gawe man. Maar Jakob het onderskeiding gehad, hy het geweet dat die geboortereg alles beteken, het nie enige verskil gemaak hoe hy dit moes kry nie, net solank hy dit gekry het; dis die geestelike man vandag.

141 Daar's Esau, het sy erfdeel net daar by die grenslyn gehad. En God het vir hom gesê, vir Jakob gesê soos hy verbygegaan het, gesê: "Jy moenie met Esau lol nie, moenie by enige van sy organisasies aansluit nie, moenie enige van hierdie dinge hier doen nie. Nou, jy het klaar gesien dat jy jouself hieronder gehad het vir veertig jaar, wil jy nog veertig jaar bly?"

142 Julle broers, wil julle nog veertig jaar spandeer in 'n denominasionele rampokkery, om te stry met julle broer? Laat ons opstaan, en oorgaan, kom ons gaan na die Beloofde Land,

waar elke belofte in die Boek aan julle behoort. *Jordaan* beteken "dood," moet doodgaan vir jouself voor jy oorgaan. Dis reg. Gaan soontoe. Mense lewe in 'n louwarm toestand, die Bybel het so gesê.

143 Daardie broers daarbuite op die berg, hulle—hulle was geseënd, hulle het . . . hulle was voorspoedig. Wel, hulle het baie gehad om te eet, manna het uit die Hemel geval, dit was alles reg, maar hulle was steeds buite die belofte. Net soos die Laodicése kerk, die Pinksterkerkeeu, hulle het seëninge, maar God het nie met hulle gedeel nie, Hy kon hulle nie na die Beloofde Land toe neem nie, want hulle was nie gekondisioneer om te gaan nie, totdat hulle by 'n punt gekom het dat hulle besef het hulle was dood in hulle teorieë, toe het God hulle oorgeneem.

144 Nou, toe hy by die berg van Esau verbygegaan het, by die organisasie verbygegaan het, wat het hy gedoen? Nou, daar was Moab, sekerlik, Moab was 'n organisasie, gesê: "Jy sal deur sy land gaan, moenie—moenie 'n woord vir hom sê nie, ek gee hom dit."

145 Nou, Hy het die Metodiste hulle plek gegee, Hy het die Baptiste hulle plek gegee, Hy gee die Pinksterorganisasies hulle plek, sê nie 'n woord vir hulle nie, gaan net reguit verby, en sê: "Hoe gaan dit met jou, Broer? Aangename kennis?"

146 "Maar Jakob, ons is op pad na die Jordaan." Amen. Op pad na die Jordaan! As hulle sê: "Wel nou, luister, wat . . .?"

147 Wel, maak geen verskil wat hulle sê nie, jy sê: "Dankie, Broer. God wees met jou, Broer." Gaan net stil verby, sê niks nie, maar hou aan na die Jordaan, want ons gaan op om die Beloofde Land in te neem, Dit gee vir ons, die volheid van die krag van God. Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen."

148 Mense probeer wonder waarom visioene, en groot magtige dinge nie in die kerk gebeur nie, en groter genesings, ensovoorts, God wil die Kerk oorneem, en ons is weer hieronder in hierdie berg, en beweeg om, en om. Watter soort berg? 'n Organisasieberg. "O nou, wag 'n bietjie, Broer Branham, jy kry . . . " O, nee, ek is nie.

149 Berg Seïr, 'n berg, het aan Esau behoort, sy groot organisasie, en Israel het vir hulself 'n berg gevorm. Hulle was ook op 'n berg, maar eendag het God gesê: "Verlaat hierdie berg, Ek gaan jou oorkant in die vlaktes inneem. Jy kan niks kry op hierdie ou klipperige heuwels hier nie, jy kan niks beteken nie, gaan oorkant toe, waar Ek julle kan seën met melk en heuning, en die goeie dinge van God in julle instort, en julle laat rus."

150 Dis wat die Kerk vanaand nodig het, is om hierdie berg te verlaat, en noord te draai, laat ons hierdie koue, formele toestande verlaat. Julle Gemeentebroers, julle Eenheidbroers, julle Kerk van God broers, al julle broers, was ons nie lank genoeg hier rond nie? Laat ons ons verskille vergeet, laat ons ons

harte bymekaar sit, ons arms bymekaar, ons pogings bymekaar, ons motiewe, doelwitte bymekaar, en opgaan na die Jordaan, en gekruisig word vir hierdie dinge, en oorgaan na die Beloofde Land, waar God belowe het om saam met ons te wandel, en ons te seën, en ons die uitermatige oorvloedige te gee.

151 Jy kan nie die tipes en skaduwees van God verbreek nie. Dis wat Israel gedoen het in die natuurlike, dis wat hulle gedoen het in die geestelike. Ons besef dat daardie dinge met Israel gebeur het, nou het hulle vandag met die kerk gebeur, net soos hulle toe het. Ons is nou omtrent aan die einde van die pad, broers, dis tyd dat iets gebeur.

152 Ek wil die Jordaan oorsteek, nie waar nie? oorkant in die Beloofde Land in, waar ons kan sien. . . Ons het goeie dinge gesien, God was goed vir ons, ons kla nie. Ek's hierbuite saam met julle, ek's hierbuite met hierdie dinge saam met julle, maar, broers, laat ons onsself bymekaar sit, en oorgaan, ons moet oorgaan.

153 Die groot Josua, die Heilige Gees wat die belofte van God ontvang het, wat afgekom het om ons te lei, Hy het dit nooit betwyfel nie. Josua het dit nooit betwyfel nie, hy was God se generaal, dis presies reg, hy was God se generaal, en hy was die een wat die kinders gelei het.

154 En dis dieselfde Heilige Gees, God se Generaal, die Hoofkaptein wat by die poorte van Jérigo gestaan het toe Josua opgekom het, dieselfde Hoofkaptein, ons Generaal, wat ons in die Beloofde Land wil inlei, en Hy's die enigste Een wat dit kan doen. Ons organisasies sal dit nie doen nie, SO SPREEK DIE HERE. Skryf dit neer. Sit dit net in jou boek, en kyk of dit reg was of nie. Die organisasie sal julle nooit oorneem nie, dit sal julle reg op die berg hou, maar die Heilige Gees sal julle na die Beloofde Land toe neem.

155 O, het julle Hom nie lief nie? Glo julle Hom nie? Wil julle Hom nie dien nie? O, dis die oortuiging van my hart, as ek dit ken.

156 Here, laat my Jesus sien, laat ek Hom alleen sien. Laat my uitreik en elke Gemeente-broer kry wat daar is, laat my uitreik en die Eenheid broers kry, laat my uitreik en die Kerk van God kry, laat my uitreik en al hierdie ander broers kry, wie hulle ook al is, en sê: "Broers, broers, laat ons hierdie berg verlaat!"

157 Kom op Gemeentes van God, kom op Kerk van God, kom op julle Eenheid, Tweeheid, en wat julle ook al mag wees, laat ons ons harte bymekaar sit, die dae van stryd is verby, laat ons marsjeer na Kanaän. Halleluja!

> Op die Jordaan se stormagtige walle staan ek,
> (vanaand, in geloof,)
> Met 'n hoopvolle blik,
> Op Kanaän se mooi en vreugdevolle Land,
> Waar my besittings lê.

O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na hierdie Beloofde Land.

158 As dit alles kos wat in my lewe is, elke vriend, al die res, is ek op pad na die beloofde land. Wil julle gaan? Julle wil . . . ? Laat ons dan op ons voete staan, net 'n oomblik.

Op die Jordaan se stormagtige walle staan ek,
Met 'n hoopvolle blik,
Op Kanaän se mooi en vreugdevolle Land,
Waar my besitting lê.

Steek nou julle hande op soos julle dit sing.

Ek's op pad na die Beloofde Land,
Ek's op pad na die Beloofde Land;
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

Regoor daardie wyd uitgestrekte vlaktes
Skyn een Ewige Dag;
Waar God die Seun vir altyd regeer,
En die nag verdryf.

Ek's op pad na die Beloofde Land,
Ek's op pad na die Beloofde Land;
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

159 Ons wil niks hê wat ons lei nie. God die Seun regeer vir altyd, en verdryf al die ander uitsettings. O, ons wil Hom ontmoet. Wil julle Hom nie sien nie?

160 Nou, julle Eenheid, Tweeheid, Drieheid, Metodiste, Baptiste, Gemeentes, en almal van julle, skud hande terwyl ons dit sing, skud hand met mekaar, en sê: "God seën jou, broer, ek is op my pad na die Beloofde Land."

Ek's op pad na . . .

Draai net om, skud hand.

. . . Beloofde Land,
Ek's op pad na die Beloofde Land;
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

161 O, laat dit julle nie beter voel nie? Laat ek julle wys, ek was in een van ons prominente denominasies omtrent drie weke gelede, of vier, wat het gebeur? Ek het 'n altaar-oproep gemaak, vier of vyf sondaars het om die altaar gekom. Toe ek het, het ek gesê: "Sal iemand kom en vir hierdie mense bid?" In 'n Pinksterkerk, het daar niemand gekom nie. Ek het gesê: "Sal sommige van julle heiliges asseblief kom en bid?" Ek was uitgeput, ek het gesê: "Sal sommige van julle heiliges asseblief kom en vir hierdie mense bid?" Weet julle wat? Ek kon hulle nie oorreed om te kom nie.

162 Ag, o, broer, veertig jaar gelede as een van hulle na die altaar toe begin kom het, sou daar vyftig om hulle gewees het voor hulle daar kon gekom het; hulle harte was aan die brand, sien.

163 Julle praat van Baptiste? Ek sal julle hier oorkant na die staat van Kentucky toe neem, na daardie ou Sending Baptiste Kerk daaragter, en hulle is nie net koud, formeel, soos party van julle noordelike Baptiste nie, hulle kniel onder by die altaar, slaan mekaar op die rug, tot hulle deurkom, hulle iets daaronder kry. Ja, meneer.

164 En ek was daar nie lank gelede nie, by ’n Herdenking waar my ouma, en almal van hulle daaronder begrawe is, en ek het gepreek oor God wat kom, die doop van die Heilige Gees; daardie ou vroue wat daardie ou sonkappies swaai, en skree. Daar agter bo in daardie heuwels waar hulle nie eers kan kry ’n, jy nie ’n motor dertig myl daar naby kan kry nie, agter in daardie heuwels daar, die ou mense wat skree, die vroue, hulle wat op-en-af oor die vloer gaan, wat God prys.

165 En daar was ’n ou groot kêrel, ek het ’n altaar-oproep gemaak, ek het gesê: “Daar lê my ou ouma daarbuite in die graf, wat gesterf het in my arms, besig om God te prys.” Ek het gesê: “Daar’s my ou tante wat my op die wang gesoen het in die uur van haar dood, en gesê het: ‘Billy, ek sal jou oorkant die rivier ontmoet, daar oorkant.’” Ek het gesê: “Daar lê sy, en wag vir daardie opstandingsoggend. Halleluja!” Ek het gesê: “As enige van julle hier sondaars is, kom in, Jesus nooi julle uit.”

166 Die ou kêrel wat daar gestaan het met sy hoed, aan die punt daarvan gekou het, soos *daardie*, hy het sy hoed neergegooi, gesê: “God, wees my genadig, ’n sondaar!” Daar was twintig van daardie ou mammas om hom voor hy nog eers by die altaar gekom het.

167 Omtrent twintig of dertig het daar na die altaar toe gehardloop, al die sondaars het daar ingehardloop (En ons was veronderstel om elfuur middagete te eet, en ons het omtrent drie-dertig daardie middag geëet.), gehuil, en geskree, en God geprys, en op-en-af deur daardie woude geloop en uitgeroep en God geprys. Praat van Pinkster! Dit was in die Sending Baptiste Kerk.

168 Ek kom reg hier na ’n Pinksterkerk toe, en sondaars wat hulle harte rondom die altaar uitstort, en kan nie eers oorreed, as ’n dienskneg van Christus, iemand om te kom en by hulle te kniel nie. *Sjoe!*

169 Het ek my verstand verloor? Is daar iets verkeerd met my? Ek het my vrou gevra, ek het gesê: “Skat, sê my wat makeer?” Ek het vir Broer Moore gevra, predikers: “Is, het ek mal geword? Is—is hierdie Woord . . .? Wat is die probleem? Het te veel geleerdheid, soos Agrippa vir Paulus gesê het, my mal gemaak?” Ek het gesê: “Nee, meneer. Nee, meneer. Iemand moet daarvoor staan.”

170 'n Groot, prominente prediker het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, ek glo jy is 'n man van God, maar laat ek my hande op jou lê, en vir jou bid. Jy kritiseer die mense te veel."

Ek het gesê: "Broer, glo jy dat dit reg is?"

Hy het gesê: "Nee, maar dis nie jou besigheid nie." Gesê: "Jou besigheid is, bid vir die siekes."

171 Ek het gesê: "Onsin! Nee, meneer. God gee nie gawes net om, te vertroetel vir vissies en broodjies nie. Nee, meneer. Hy gee jou gawes om die vryheid te verkondig, en die Evangelie te verkondig." Reg. En ek het gesê: "As ek dit nie doen nie, wie gaan?" Ek het gesê: "Jy kan nie, want jy het 'n te groot program om te onderhou. Ek het niks om te onderhou behalwe my Bybel, en die Heilige Gees wat preek nie."

172 Halleluja! Glorie aan God! Ek is bly om Pinkster te wees, ek wil hê almal moet weet dat ek Pinkster is, ek het die Heilige Gees ontvang. Nie Pinksterorganisasie nie, dis ver van my af, ek is Pinkster deur ondervinding. Jesus Christus is my Verlosser, ek het Hom lief. Niks in my . . .

173 Een groot man van 'n groot organisasie, het gesê: "Broer Branham, as jy net sal toegee oor 'n paar dinge, sal ons jou na die hoof—hoofsentrums van die wêreld in ons vliegtuie vlieg, en jou laat preek, as jy net sal kom en by ons aansluit."

174 Ek het gesê: "Skaam jou! 'n Man van waardigheid en eer met 'n doktorsgraad, wat 'n dienskneg van God sou vra om toe te gee op Sy Woord!" Ek het gesê: "As ek verkeerd is, neem dan die Skrifte, wys my waar ek verkeerd is." Ek het gesê: "God . . . Hoe kan jy so-iets doen, Broer?"

175 Hy het sy kop laat sak, hy het gesê: "Ek glo jy's 'n man van God." Gesê: "My vrou sou jare gelede gesterf het." Sy was die ergste kankergeval wat ek ooit gesien het. Gesê: "Jy het haar gespreek, en haar uitgeroep in die gehoor soos daardie deur die Heilige Gees." Gesê: "Ek glo."

176 En ek het gesê: "Vra jy my dan om toe te gee? Dit klop nie in my are nie. Nee, meneer. Ek sal by die Woord bly al sterf ek op die preekstoel." Dis hoe ons vaders dit gedoen het, by die Woord van God gebly, maak nie saak of dit jou afslag, en die vel van jou aftrek nie, bly in elk geval daar.

Ek's op pad na die Beloofde Land,
Ek's op pad na die Beloofde Land;
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

Ek's op pad na die Beloofde Land,
Ek's op pad na die Beloofde Land;
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

177 Ek wonder, in stilte, met die musiek wat speel, as jy sal, Suster, *Ek's Op Pad Na Die Beloofde Land*, is daar 'n sondaar hierbinne wat niks hiervan weet, waarvan ek praat nie, maar tog glo jy dit is die waarheid, dat Jesus Christus God se Seun is, dat die toorn van God op Hom uitgestort is, en Hy op Gólgota gesterf het, die dood van 'n sondaar, om jou plek in te neem? Hy het jou dood gesterf op Gólgota, en net in Hom kan jy gered word, en jy het dit nog nooit gedoen nie, ek sal jou uitnooi na hierdie altaar. Kom nou hiernatoe, en word versoen met God deur Christus.

178 As jy 'n kerklidmaat is, niks anders as jou organisasie ken nie, al mag dit Pinkster wees, al is dit Metodis, Baptis, Katoliek, Joods Ortodoks, Grieks, wat jy ook al mag wees, en jy ken niks behalwe jou organisasie nie, jy nog nooit iets ontmoet het nie, 'n nuwe geboorte wat jou verander het, en jou lewendig gemaak het, ontoegeeflik vir die dinge van die wêreld, jy wil niks met die wêreld te doen hê nie, jy wil niks daarmee te doen hê nie, jy's dood daarvoor, en jy wil lewendig wees in Christus, as jy nog nie daardie ondervinding ontvang het nie, sal jy hier na die altaar toe kom, terwyl ons weer sing?

179 As jy sonder die Heilige Gees is, en jy wil die Heilige Gees ontvang, sal jy na die altaar toe kom, en hier staan terwyl ons weer sing? Al julle pelgrims wat by ons wil aansluit, en deur geloof, en die genade van God na die Beloofde Land toe gaan, sing nou saam met my. Goed.

Ek's op pad na die Beloofde...

Ek nooi julle uit: "Kom," dis al wat ek kan doen.

Ek's op pad na die Beloofde...(God seën jou, Broer.)
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

Ek's op pad na...Beloofde Land,
Ek's op pad na die Beloofde Land;
O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

Wanneer sal Ek my Vader se aangesig sien,
En in Sy boesem rus?

180 Ek wil vir julle sê, terwyl ons hierdie lied sing, die... Ek het gestaan, vyfhonderd by die Jeffersonville, een-en-dertig jaar gelede, my eerste herlewing, gesing, "Op die Jordaan se stormagtige walle staan ek, met 'n hoopvolle blik, op Kanaän se mooi en vreugdevolle Land, waar my besittings lê," en ek het uitgestap, daardie middag vyfhonderd gedoop, as 'n Sending Baptiste prediker, die sewentiende persoon wat ek gedoop het, meteens het ek *Iets* hoor sê: "Kyk op," en ek het gekyk, en hier kom daardie Vuurkolom wat afgewentel kom uit die Hemel, het reg bo gestaan waar ek was, en gesê: "Soos Johannes die Doper

gestuur is om die eerste Koms van Christus vooraf te gaan, sal jou Boodskap die tweede Koms van Christus voorafgaan."

181 Toe die Baptiste prediker vir my gelag het . . . Dit het in die *Verenigde Pers* gegaan, *'n Geheimsinnige Lig Verskyn Bo 'N Prediker Tydens Doop*. Oral tot bo in Kanada, en oral anders het dit in die *Verenigde Pers* gegaan, honderde en duisende mense het dit gesien. Kyk daarna vandag, broer, kyk, Sy belofte is waar. "Op die Jordaan se stormagtige walle staan ek, met 'n hoopvolle blik!" Ons was lank genoeg in hierdie woestyn, laat ons na die Beloofde Land toe gaan.

182 Hier staan 'n groep mense hierrond wat God soek, God wil hê, wat na die Beloofde Land toe wil gaan. Ek wonder nou, oor sommige van julle predikers, sommige van julle broers wat 'n las op julle hart het vir verlore siele, hier rondom staan saam met hulle.

183 Julle wat nog steeds Christus wil ontvang, sal julle kom, julle hiernatoe sal kom, ook? Staan rondom die altaar. Hierdie mans en vroue, seuns en meisies is hier om Christus as hulle Verlosser te ontvang. As julle wil . . . Terwyl ons weer sing: "Op die Jordaan se stormagtige walle staan ek, met my hoopvolle blik."

184 Moses het daarbo gestaan, en oorkant in die beloofde land ingekyk, die organisasie, dit was verbied om te gaan omdat dit God gefaal het, maar Josua het die artikels van God geneem en oorgegaan na die beloofde land. Die genade van God sal ons deurneem, broer.

> . . . Jordaan se stormagtige walle staan ek,
> Met 'n hoopvolle . . .

Sal julle kom, jongmense, oud, wie julle ook al mag wees, aansluit by . . . ?

> . . . Kanaän se mooi en vreugdevolle land,
> Waar my besittings lê.
>
> Ek's op pad na die Beloofde Land,
> Ek's op pad na die Beloofde Land;
> O wie sal kom en saam met my gaan?
> Ek's op pad na die Beloofde Land.

185 Nou, almal eerbiedig vir 'n oomblik, ek wil met hierdie mense hier praat.

186 My liefdevolle vriende, vanaand moes *Iets* met julle gepraat het om hier te staan. Jesus het gesê: "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom. En hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Hy wat My Woorde hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige Lewe." Daar's net een vorm van ewigdurende Lewe, Ewige Lewe, en dis die Lewe van God, Zoe. Omdat jy opgestaan het uit jou sitplek, en hiernatoe geloop het, het dit gewys dat een of ander Gees, al hierdie jare wat jy verkeerd was, het *Iets* langs jou gestaan vanaand, en gesê: "Jy's

verkeerd," dit was die Heilige Gees: "staan, kom vorentoe," en jy het.

187 "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader, en die heilige Engele." Dis Sy belofte, Hy kan dit nie terugtrek nie, dis Sy belofte, daar's geen terugtrek daarvan nie. Hy is hier om jou te gee . . . Omdat jy vir Hom gestaan het, sal Hy vir jou staan op daardie Dag. Hy het jou plek ingeneem, nou is jy gewillig om te erken dat jy verkeerd is, en jy kom na Hom toe vir genade, daar's hoegenaamd niks wat jy kan doen behalwe om in Hom te glo, en te aanvaar wat God vir jou voorsien het nie, dis verlossing.

188 Onthou, luister na Sy Woord, Johannes 5:24, "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe." Nou, God het jou omgedraai, dis 'n deel van die Heilige Gees wat jou laat draai het; die volgende deel van die Heilige Gees is om jou te heilig, al die onreinheid uit jou uit te haal; die derde deel van die Heilige Gees is om jou in die Liggaam in te doop, dan word jy gevul met die Heilige Gees en die kragte van God. Dis waarom jy hier staan vanaand, omdat jy jou eerste stap neem om Christus as jou Verlosser te ontvang.

Nou wil ek hê die gehoor moet hulle hoofde buig.

189 Ons Hemelse Vader, hierdie mense wat hier staan, is skaam vir hulle vorige lewens. Hulle staan hier omdat hulle U Stem hoor sê het dat hulle verkeerd was, en hulle het gekom om U as hulle persoonlike Verlosser aan te neem. Hulle staan hier onder die stadium van regverdigmaking, "Daarom, omdat ons geregverdig is deur geloof, het ons vrede met God deur ons Here Jesus Christus." Ek glo U, Here, ek glo U Woorde is waar, en terwyl ek staan, vanaand, as U dienskneg, een van hulle, wat intree vir hierdie mense, en ek U herinner aan wat U gesê het.

190 Hier is hulle, hulle het opgestaan uit hulle sitplek en hiernatoe beweeg, omdat hulle oortuig was dat U die Seun van God was, en U gesterf het vir hulle sondes, en hulle U vergewingsgenade wil hê. Dit sou 'n onmoontlikheid wees vir hulle om dit nie te ontvang nie, U het dit belowe, dis hulle s'n, hulle glo dit, hulle het gekom om dit te wys. U het gesê hy wat sal—sal, skaam sal wees vir U voor mense, U sou skaam wees vir hulle voor die Vader, en die heilige Engele, "maar hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader, en die heilige Engele."

191 Here, hulle is U s'n, hulle was oortuig hulle was verkeerd, hulle het hier opgestaan deur die Woord van God om te getuig dat hulle verkeerd is, en vergifnis wil hê. Ek pleit vir hulle siele, Here, ek gee hulle vir U, Vader, hulle is die trofeë van U Woord wat hulle sondige lewe veroordeel het, en hulle het gekom om U te aanvaar as hulle persoonlike Verlosser. Ek pleit U belofte vir U, herinner U aan wat U gesê het dat "Hy wat My Woorde

hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, Ewige Lewe het." Hulle aanvaar nou U Woord, hulle is jammer oor hulle sondes, en het dit net so demonstreer, en dit gemanifesteer deur te staan vir U, vanaand.

192 Vader, ek bid dat U hulle die doop van die Heilige Gees sal gee, hulle siele sal heilig, en hulle nuwe skepsels in Christus sal maak. Ek gee hulle vir U, in die Naam van U lieflike Seun, Wie die prys betaal het om hulle te verlos, hulle is U s'n, liefdesgawes, O God. Jesus het gesê: "Niemand kan hulle uit My Vader se hand ruk nie, niemand is groter as Hy nie," en hulle is in die hande van God.

193 Nou, met ons hoofde gebuig, en diegene wat na die altaar toe gekom het, daar's nie 'n ding wat julle kan doen nie, julle hoef niks te voel nie, Jesus het nooit gesê: "Het jy dit gevoel?" nie. Hy het gesê: "Het jy dit geglo?" Glo julle nou regtig dat in die sondige toestand waarin julle was, dat julle, *Iets* julle oortuig het dat julle verkeerd was, julle kom hiernatoe op die basis van die Woord van God wat julle belowe het, as julle julle sondes sou bely, Hy regverdig was om hulle te vergewe, en julle verloën nou julle sondes en aanvaar Hom as julle persoonlike Verlosser, as julle sal, met julle hoofde gebuig, julle hande opsteek? Elkeen van julle by die altaar, wat hier gestaan het, aanvaar Hom nou as persoonlike Verlosser. Eenhonderd persent, elkeen. Dank God.

194 Nou, ek verklaar julle as Christene, gelowiges, medeburgers van die Koninkryk, in die Naam van Jesus Christus. Ek gaan julle vra om iets vir my te doen, ek wil hê julle moet, daardie kamertjie daar, wat sê *Gebedskamer*, ek wil hê julle moet reg rondom *hierdie* kant toe gaan, en soontoe gaan terwyl ek nog 'n oproep maak. Gaan soontoe en bid, waar ons julle sal ontmoet, net binne 'n paar minute. Gaan soontoe, en kniel, en sê: "Dankie, Here Jesus, dat U my siel gered het." Ek glo God, sal net daar, julle vul met die Heilige Gees, net daar in die kamer. Gaan reguit *hiernatoe*, soos een van die broers julle sal lei.

195 Nou, terwyl hierdie daarheen gaan, en die instrukteurs nou, vir hierdie—hierdie saak, gaan saam met hulle. Hierdie mense het Christus as hulle persoonlike Verlosser aanvaar.

196 Nou, aan julle wat die doop van die Heilige Gees wil hê, sal julle vorentoe kom op hierdie tyd? Loop nou vorentoe, terwyl ons nog een keer sing, sê: "Broer Branham, ek het vir jare na die Heilige Gees verlang, maar ek het Dit nog nooit ontvang nie." Kom hiernatoe. As jy glo ek is Sy dienskneg, as jy glo ek vertel jou die waarheid, kom hier, laat ek vir jou bid. Gebed verander dinge, dit maak nuwe skepsels. As jy dodelik opreg is, kom nou vorentoe, terwyl ons sing.

> Op die Jordaan se stormagtige walle staan ek,
> Met 'n hoopvolle blik,
> Op Kanaän se mooi en vreugdevolle Land,

Waar my besittings lê.

Ek's op pad na die Beloofde Land,

197 Almal wat nie die Heilige Gees het nie, ek roep julle in Christus' Naam, kom vorentoe.

O wie sal kom en saam met my gaan?
Ek's op pad na die Beloofde Land.

198 Is jy opreg? Is dit al in hierdie gebou wat nie die doop van die Heilige Gees het nie? Broer, suster, hoe kan jy, onder sulke druk van die Heilige Gees, kom by 'n punt waar jy nie die Heilige Gees het nie, en nie wil staan vir gebed nie? Hoe kan jy genesing verwag wanneer jy nie eers jou siel genees sal kry van ongeloof om die Heilige Gees te ontvang nie? Hoe gaan jy ooit Goddelike genesing vir jou liggaam ontvang? Sal jy nie kom nie? Jy word uitgenooi. Broers, susters, medeburgers wat Christus alreeds aanvaar het as julle Verlosser, wil julle die doop van die Heilige Gees hê?

199 Goed. Ek wil hê party van julle mense wat goeie mense is, wat die Heilige Gees het, kom hier, en lê hande op hierdie mense, terwyl ons vir hulle bid. Kom nou vorentoe, lê jou hande op iemand.

200 Daaragter, wat die Heilige Gees het, party van julle predikerbroers, kom hiernatoe, lê hande op hierdie mense as verteenwoordiging. God seën jou, Broer Gene. Kom reguit vorentoe, kom reguit vorentoe, broers. Kom reguit hiernatoe en lê hande op hierdie mense, terwyl ons bid. Dis goed. Komaan, Broer Fred, dis goed. Kom reguit vorentoe. Halleluja!

201 Ons Hemelse Vader, hierdie mense soek na die doop van die Heilige Gees, hulle is moeg vir hierdie druiwe, hulle wil melk, heuning hê, hulle wil na die Beloofde Land toe gaan. Ek bid U, Here, met my hele hart, terwyl mense hande op mekaar gelê het, dat, in die Naam van Jesus Christus, dat U hulle die doop van die Heilige Gees sal gee. Skenk dit, Here. Die gebed van geloof sal dit doen, ons weet. Ons gee hulle aan U, in Jesus' Naam, tot die eer van God. Amen.

202 Amen. Dis reg. Almal wat Goddelike genesing wil hê, steek op julle hande, almal wat genees wil word, steek julle hande op. Nou sit iemand julle hande op hulle daarbuite, sit julle hande op mekaar. Hier is ons. Bid vir mekaar. Ons is op pad na die Beloofde Land, elke belofte wat God gemaak het.

203 Hemelse Vader, hulle is U s'n, ek gee hulle vir U, Here. Genees die siekes, vul met die Heilige Gees diegene wat dit nodig het, Here. Ek gee hulle vir U, die Here God, die Skepper van hemele en aarde nou, in Jesus' Naam . . .? . . .

61-0316 Die Kerk Wat Wet Kies Bo Genade
Nasionale Wagte Arsenaal
Middletown, Ohio V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings

P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

www.branham.org